# Die WAPAD


## STUDENTEBLAD VAN DIE P.U.K. VIR C.H.O.

REDAKSIE

**Hoofredakteur:** R. G. Kriel. **Tegniese Adviseur:** P. J. W. Louw.

**Subredakteure:** L. Dekker, L. S. Kruger, M Venter, Mejj. H. Hofmeyr en H. Yssel.

**Administrasie:** J. P. H. Viljoen (voors.), G. J. Wissing, L. J. Nelson, B. J. Kruger.

Deel IV. No. 3. 29 April 1949. 3/- per jaar.


# TOTIUS TREE AF

**Reeds begin die son agter die westelike horison te verdwyn. Die saaier merk dit op, maar sy dagtaak moet voltooi word. Reeds is sy voetstappe swaar deur die los grond vanweë die vermoeiende arbeid waarmee hy reeds van sonop af besig is. Maar die taak wat sy heer hom opgedra het, moet hy ten volle uitvoer. Die saad moet oor die hele land gestrooi word.**

Lang-gerekte skaudwees is oor die land gesprei, maar moedig tree die saaier vorentoe. Met kennershand word die saad uitgestrooi . . . Maar dan voel die saaier opeens 'n hand op sy skouer. Dit is die hand van sy heer. „Dit is tyd om op te hou, my getroue dienskneg." Die saadsak word van die skouer afgehaal en weggebêre. Dan wend die saaier sy skrede huiswaarts om sy laaste verpligtinge uit te voer voordat die donkerheid van die nag alle arbeid op die plaas tot stilstand laat kom.

**Op 13 April 1949 het dr. J. D. du Toit afgetree as professor, in watter hoedanigheid hy aan die Teologiese Skool van die Geref. Kerk en aan die P.U.K. vir C.H.O. 38 jaar lank verbonde was. Die hemelse Landheer het sy hand op sy getroue dienskneg se skouer gelê, met die woorde: Dit is tyd om op te hou.**

Maar met sy aftrede as professor beëindig Totius nog nie sy werk nie. As die saaier van die land af kom, is daar nog baie noodsaaklike werk wat op hom wag voor hy sy hoof ter ruste kan lê.


So is aan ons meegedeel dat dr. du Toit na sy aftrede o.a .nog sal voortgaan met die hersiening van die Afrikaanse Bybel met die oog op verbeteringe in die vertaling. Ook word in die toekoms nog behalwe die inleidingsartikels in „Die Kerkblad" verskillende publikasies van hom verwag. Daarby is hy van plan om in een les per week aan die Teol. Skool voort te gaan met die homiletiese behandelinng van die Heidelbergse Kategismus.

Vir hom bring sy aftrede as professor dus nog geen rus nie.

**Selfs in sy lewensaand is hy nog getrou in sy offerdiens. Trouens, sy hele lewe en arbeid word gekarakteriseer deur die een woord: diens. Totius het hom gegee, met al sy krag en talente, in diens van sy kerk en sy volk.** En so het hy homself getoon dienskneg van die Allerhoogste te wees. As dienskneg was hy terselfdertyd stryder . . . . onwrikbare stryder vir die eer van God op alle lewensterreine. In sy diens, in sy stryd het hy altyd met die vinger na omhoog gewys—alles gaan om God en nie om

(Vervolg bladsy 3, kol. 1).

TOTIUS IN DIE KLAS.



**STUDENTE!**
Vanaf 1 April l.l. het
**DIE AFRIKAANSE PERS BEPERK**
(Eienaars van: „Die Vaderland," „Die Brandwag," „Rooi Rose," „Kort en Goed," „Sondagnuus," ens. ens.)
nie alleen in daad maar ook in naam in **Potchefstroom** verteenwoordig. Vanaf genoemde datum dryf ons handel onder die naam van
DIE AFRIKAANSE PERS BEPERK
**IN DIE OU "HERALD" GEBOUE**
**(Kerkstraat 110)**
wat tans herbou is in 'n pragtige MODERNE WINKEL vir
**BOEKE, SKRYFBEHOEFTES EN PRESENTE.**
Ondersteun u Afrikaanse besigheid!
Die Afrikaanse Pers Beperk
**Posbus 149. Potchefstroom. Foon 363**
(Voorheen DIRK PONS EN KIE.)
**Kerkstraat 110.**

*Studente!*
As u gaan Fliek, of in die dorp kom
BESOEK
**ASTRA MILK BAR**
**(LANGS DIE GRAND).**
DIE KAFEE WAT DIE STUDENT SE DORS LES.

Potchefstroom
se Mees Moderne
DAMES-KLEREWINKEL
Die jongste versameling van
**Dames rokke, -Baadjies, „Jeeps," Skirts, Bloese, Onderklere, Blomme, Naaiwerkbenodighede, ens**
**BY**
**LA VOGUE**
(J. M. Taylor)
**Posbus 221. Foon 440.**

# Die Wapad.

29 April, 1949.

## IS ONS KULTURELE BARBARE?

In die breë sin van die woord beteken kultuur niks anders as die beskawing en ontwikkeling van die menslike gees nie. Iemand het dit vergelyk met die prag en glans wat daar uitstraal van die geslypte diamant, dieselfde diamant wat in sy ongeslypte vorm skaars die aandag trek. Die waarde en glans van die afgewerkte steen hang grootliks af van die vaardigheid van die slyper, sowel as die wyse waarop elke hoek en kant simmetries afgewerk is: In hierdie veelsydigheid van die menslike gees kom die heerlikheid van die beeld en gelykenis van sy Skepper tot openbaring. Elke kant van die edelgesteente skitter met 'n besondere glorie wat onafhanklik die sonlig opvang en glinsterend weergee. Daar is die verstandelike, die estetiese, die sedelike en die godsdienstige, wat almal saam hoort tot dieselfde juweel, om sodoende die heerlikheid van die steen se roeping ten toon te sprei.

**Die ontwikkeling van eie kultuur is hoë roeping en plig. Dit beteken die veredeling van die eie lewe, dog boweal verheerliking van God. Dit is die openbaring van die onsterflike wat daar in elke mens bestaan.** Die ontwikkeling van eie kultuur is die onmisbare strewe van elke volk, sowel as van elke indiwidu om sy eie lewe te verseker. As geld en goed vir 'n volk en ook vir die enkeling doel, en nie bloot middel tot kultuurontwikkeling is nie, kan dit niks anders as dood en ondergang beteken nie. Hoe diep droewig stoflike armoede ookal mag wees, is daar nie die minste twyfel dat geestelike bankrotskap die ergste en noodlottigste van die twee is nie.

Is ons, die toekomstige geestelike leiers van ons volk, vertroud met hierdie kosbare kleinood? Bied hierdie koel en helder fontein vir ons die nodige geestelike verfrissing as ons siel smag na hoër waardes as geld en goed? Of is ons kulturele barbare? Mens voel geneig om 'n positiewer bewering te maak en prontuit te verklaar dat ons, wat deur die breë volkslae erken en aanvaar word as die kenners en bewaarders van die hoogste geestelike besit van die volk, niks anders as kulturele barbare is nie. Dit klink kras. Nogtans dink ek dat dit slegs 'n eufemisme is vir die toestand wat daar onder die studentemassa heers.

Dit help minder as niks om bloot die heersende toestand te skets en dit maar skouerophalend as 'n onherroepelik verlore stryd te aanvaar.

**Het u al 'n deur erosie-verwoeste stuk eertydse vrugbare teelaarde gesien? Dan het u 'n goeie beeld van ons kulturele ontwikkelingspeil. Hoe kan ons geld, goed en tyd weer aanwend om hierdie prooi van geestelike erosie weer met vrugbare teelaarde te vul?**

Ja, watter student sal nou na 'n uitstalling van skilderye of 'n uitvoering van 'n simfonieorkes gaan as daar terselfdertyd 'n vertoning in die teater aan die gang is. U weet self waar u u tyd en geld oordeelkundig sou bestee het as dit u erns is. Meeste studente besit radio's, dog soos 'n eggo weerklink dit uit die kamers „Lourenco Marques for happy listening," terwyl die eienaar blykbaar salig onbewus daarvan is dat sy toestel die potensialiteite besit om moontlik iets beters of darem ten minste iets anders na hom te bring. Ons kan ook nie 'n ander stand van sake verwag as 'n radiostel met 'n isigrimmige gebaar afgeskakel word sodra as daar iets „swaarders" as 'n wals van Johann Strauss oor die eter na jou kom nie. Geen wonder dat 'n M.A. student nog nooit van Haydn gehoor het nie—altans dit is heeltemal verstaanbaar—terwyl 99% van ons studente blykbaar niks ander as karringmelkpolkas terdeë kan geniet nie.

Hierdie voorbeelde word genoem omdat hulle die voor-die-handliggendste is dog met redelike sekerheid kan gesê word dat dit 'n ware weergawe is van

die toestand wat op elke kulturele gebied heers. Die twee hoofoorsake vir hierdie verval is blote gebrek aan belangstelling en gebrek aan kennis. **Kom, laat ons ten minste in die toekoms 'n gesonde belangstelling toon, dan kom die kennis vanself, waardeur ons uit hierdie toestand van geestelike bankrotskap kulturele barbarisme opgehef word, terwyl ons dan eers weer waardig sal wees om volmondige eienaars van hierdie grootse skat te wees.**

J. H. BOOYENS.

(Vervolg van bladsy 1, kol. 3).

homself nie. Vandaar sy spreekwoordelike nederigheid en beskeidenheid.

Op die groot betekenis van Totius as volksvader, as kerkman en as digter gaan ons nie nader in nie, want dit is reeds in ander tydskrifte en publikasies deur bekwamer hand gedoen.

Alleen nog 'n enkele opmerkinng oor Totius as professor. In 1903 verkry hy sy doktersgraad in die Teologie aan die Vrye Universiteit, Amsterdam, met 'n proefskrif getitel „Het Methodisme." Daarna is aan hom deur verskillende universiteite verskeie eredoktorsgrade toegeken.

In die jaar 1903 begin die 26-jarige teoloog sy kerklike arbeid as predikant te Potchefstroom. Nog in die fleur van sy jare word hy in 1911 professor aan die Teol. Skool van die Geref. Kerk te Potchefstroom. Vanaf daardie jaar was hy besig met die hoogs verantwoordelike en belangrike arbeid van die opleiding van aanstaande predikante. Gedurende die 38 jaar van sy professorale arbeid het hy baie pyle geslyp en fyn afgewerk. Hy het sy studente opgelei om die Woord van God in te dra nie alleen in die lewe van lidmate van die kerk **nie,** maar ook in die lewe **van ons volk.**

Ons huidige studente het Totius nie geken in die fleur van sy jare nie. Ons het hom agter die kateder gesien toe sy hare reeds silwer-grys getint was.

As professor was hy altyd geliefd by sy studente. Gewoonlik het hy met 'n innemende, vriendelike glimlag sy verskyning voor die klas gemaak. Geen student het ooit in die minste enige onaangename gevoel teenoor hom gekoester nie. Klein van persoon het hy tog onmiddellik respek afgedwing en die dissipline in die klas is as vanself gehandhaaf.

**Selde het een van sy klasse verbygegaan sonder dat die hartlike gelag van sy studente in die klaskamer weerklink het. Hy het altyd so tussenin iets grappigs of humoristies te vertel gehad.**

Ook sal sy pittige karakterisering van afwykende denkrigtings altyd in ons herinnering bly. Terwyl hy bv. in een van sy lesings die ewolusionistiese standpunt op verskillende Skrifgronde bestry het, het hy eindelik sy konklusie in die volgende woorde saamgevat: „Die ewolusionisme is die mooiste leuen wat Satan nog uitgedink het."

Die inkleding van sy lesings was besonder aktueel. Hier het sy wye visie en algemene kennis te pas gekom. Die verskillende leerstellings is altyd in verband gebring met die praktyk. Daarby het ons hom ook in die klas leer ken as die profeet wat vanaf die heuweltoppe die landskap oorskou.

Die beeld van dr. J. D. du Toit agter die kateder sal altyd in ons bly voortleef, die effens geboë houding, die simpatieke blik in sy oë, dieselfde oë waarin soms die tintelende vonke van sy groot gees opkemerk is.

**Wat 'n groot voorreg het ons gehad as studente van die Teol. Skool (van die Geref. Kerk) en die P.U.K. vir C.H.O. om hierdie stoere Calvanis vir soveel jare as professor aan ons inrigtings te hê. Ons dank gaan tot God uit dat hy ons so 'n man geskenk het. Mag hy altyd vir ons 'n inspirasie bly in ons moeilike stryd vir die eer van God op alle terreine van die lewe, ook op die terrein van die wetenskap.**

Ons het Totius lief as volksvader, as kerkman, as digter, as professor, as mens.

**ALLE VERENIGINGS**

**As u 'n programvergadering of 'n voorgenome taak wil propageer, of as u 'n lesing wat gelewer is, wil publiseer: „Die Wapad" is tot u diens! Stuur 'n verslag aan ons. Indien moontlik sal ons die jaarprogram vir ledevergaderings van die verenigings publiseer. Hier is die geleentheid om vir uself propaganda te maak! Help ons om u te help.**

**P. H. JOB**

**King Edwardstraat 51,**
(oorkant Queen's Hotel)
**POTCHEFSTROOM.**

**Foon 1031.**

Agent ELECTION horlosies
**Büren, Lanco, Ernest Borel, Renee etc.**
VIR EERSTEKLAS REPARASIES EN GRAVEERWERK.

**BLACK'S**

DAMES EN MANS

UITRUSTERS

**Posbus 197. Foon 179.**

**KING EDWARDSTRAAT, POTCHEFSTROOM.**

**ELKE DAG VARS**

**TURKSTRA SE BAKKERY**

BROOD EN ALLE KOEKSOORTE.

RAADPLEEG ONS VIR

BRUIDSKOEKE.

DIE NUUTSTE ONTWERPE.
MODE SE HOOGSTE PUNT.

ENKEL BAND
DAMESSKOENE
vanaf 29/6

**EDWORKS (1936)**
**BEPERK**
**KERKSTRAAT, POTCHEFSTROOM.**

**J.N.J. KRITZINGER**

FOTOGRAAF

**ROYAL HOTEL-GEBOU,**

**Kerkstraat 84, Telefoon 455,**

**POTCHEFSTROOM.**

**AS U 'N FOTO WIL SKENK,**

Kyk dan eers na ons Foto's (in ons Ateljee of by tevrede P.U.Kaners).

DIT IS TRADISIE DAT DIE
P.U.K.-STUDENT
van al sy benodighede deur
**DIE TRANSVALER-BOEKHANDEL**
voorsien word.
**Studieboeke, Vulpenne, Skryfbenodighede, Populêre Leesstof en Tikmasjiene word in voorraad gehou.**
Ondersteun u eie Boekhandel

**DIE TRANSVALER-BOEKHANDEL**

**Foon 497, Kerkstraat 90,**
**POTCHEFSTROOM.**

# Oordenking.

## LEWE ONDANKS DIE DOOD.

**Die gras verdor, die blom verwelk; maar die woord van onse God hou stand in ewigheid.**—Jes. 40: 8).

Die gras verdor, die blom verwelk,—waarom vir ons as lewenskragtige jong mense die beeld van die herfs voorhou? Ons beleef mos die lente van ons lewe! Die bloed bruis onstuimig in ons are! Luister na die lied van die lentevoël! Kyk na die fris groen op die onlangs nog bladlose takke! Die lewe ontwaak!

Onthou! Die lente maak plek vir die volheid van die somer. Dan volg die herfs wanneer die gras verdor en die blom verwelk. Die lewe gaan voort en gaan verby—langsaam, byna onmerkbaar maar tog gewis. Die bloed sal stadiger vloei in die are, die oog verdof en die kragtige spiere stram en kragteloos word. Lente word opgevolg deur herfs, lewe deur dood, jeug deur ouderdom, die vaste tred deur 'n moeisame sukkelgang. Op alles wag die winter wanneer alles vaal is—koud, en leweloos en verlate. Daar is een mag wat soos 'n swart skaduwee oor die aarde hang . . . die Dood. By die gedagte daaraan wankel die vaste tred en huiwer die ferme hand. Hy laat die weg van almal eindig in 'n aaklige en eensame graf.

**As alles verdor en verwelk, is daar dan geen hoop nie? Is daar niks blywend nie?**

**Ja, daar is hoop! Die Woord van onse God hou stand in ewigheid. Dit is ewig en onverganklik. Die waarheid en krag daarvan sal nooit vernietig of verydel word nie.**

Hierdie Woord van God het tot ons gekom deur die eeue en bestaan tot vandag onder ons. Daaruit ken ons Christus die Seun van God en Hy verkondig lewe en verlossing aan wie in Hom glo. Hy is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid. Hy het die grendels van die graf verbreek omdat Hy die dood vir ewig oorwin het.

Deur die Skrif wek God op tot 'n nuwe lewe, onverganklik in Jesus Christus. Hierdie genade is ook ons deel want Gods Woord het ook tot ons gekom. Ook ons kan glo in Jesus Christus, die Vleesgeworde Woord van God.

Dit is ons troos in hierdie wêreld waarin die verwoestende werk van die sonde des te aangrypender spreek.

Mag Gods Woord so 'n lig op u pad en 'n lamp vir u voet wees; die rots wat u aangryp in die stormagtige see van sonde en afval en dood waarin ons lewe.

**Lewe by die Woord van God, dan sal u lewe!**

I. VAN DER WALT.

(Vervolg van bls. 3, kol. 2).

In sy lewensaand dra ons hom as studente op aan die sorg van die Here, na Wie hy self altyd sy hande uitgesteek het soos 'n kind sy hande uitsteek na sy vader. Ons hart is gerus as ons luister hoe ons geliefde professor self bid in die woorde van 'n gediggie (getitel „Gebed") in sy jongste digbundel „Skemering":

„Ek is nou soos 'n kind wat skaars
kan loop.
My voete gly
en wankel onder my.
Hou U, o Here, u arms oop:
ek kan nie loop.
„Ek het getrag om self my pad te
gaan.
Ek het geboet
met struikelgang en bloed.
Wil my nie los, nòg gadeslaan.
my domme waan.
„En as teen verre skemerberge stuit
my laaste voet—
snel my dan ingemoet!
'k steek dan na U met noodgeluid
my hande uit."

PH. SNYMANS.

As jou drome nie bewaarheid word nie slaap jy miskien te laat.—**Peggy Fleus.**

* * *

Hy wat niks waag nie, sal min dinge sleg doen maar sal ook baie m[illegible] dinge doen.—**Halifax.**

(Vervolg van bls. 6, kol. 1).

'n Ander neiging is **die relativering van die absoluutheid van die Christendom:** „waarom Christus en nie Mohammet of Buddha nie?"

**Die kommunisme,** in wese fel ateïsties, het nou 'n nuwe krisis in die Russiese kerk teweeggebring: hulle staan groot vryhede daaraan toe, maar daardie vergunning vereis 'n kapitulasie in verband met 'n leer. Wee die kerk wat gerus is oor hierdie nuwe tydperk van verdraagsaamheid.

Onder invloed van ontelbare denkrigtings neem ateïsme toe, maar dit bly en is nie 'n akademiese kwessie nie, dog 'n affektief-gelade strydmag.

**Gods grootheid laat ons duisel, en in ons eenvoudige geloof sal ons die wetenskap wen vir God.**

Dr. Danhof het die vergadering afgesluit, en onder meer gewaarsku om Die ateïsme „toon" ons presies aan waar die geloof vandaan kom—dis die gevaar. Die seën wat ons van God het, is dat ons in die geloof sien dat die mense verkeerd is. Ons sien die antwoord in Job 1. Satan nader God en bring die projeksieteorie teen Job se godsdiens in. God laat die stryd dan uitwoed op die bodem van Job se hart—in die geloof. Die projeksieteorie staan dan tot skande.

**Die ateïstiese beskouings sal verbleek voor die realisme van die lewende geloof. Ons het die tug van die evangelie nodig om weer klein te wees voor God. Ons is nie apologeties nie, kan nie die bestaan van God bewys (soos die Katolieke wil nie), maar glo eenvoudig, kinderlik. Ons is bang vir geen feite nie, want ons sien hulle met die bril van die geloof. Daardeur word ons bewaar vir die visie uit 'n klein venstertjie.**

ons universiteit suimer en beginsel-vas te hou. Daar moet nie van ons volk soos van syne gesê kan word nie: „My volk gaan ten gronde weens gebrek aan kennis."

(V.O.B.)

---

(Vervolg van bls. 6, kol. 2).

onder die studente. Daar is die veldtog wat geloods word om boeke vir die P.U.K. biblioteek in te samel. Dan rus die taak verder op die plaaslike A.S.B. om sorg te dra dat die konsentrasiekamp-kerkhof net buite Potchefstroom gereeld geskoffel word. Verder stel die A.S.B. hom ook ten doel om vanjaar na verskeie geskiedkundige plekke in die omtrek uitstappies te reël. Dit alles behoort vir die A.S.B. van P.U.K., benewens sy ander take, 'n groot omvang te bied waarin gewerk kan word tot heil van ons nasie.

By ons eerste programvergadering was dit ook vir die P.U.K.-studente 'n besondere voorreg om Mnr. Gert Viljoen wat die groete van U.P. aan ons oorgedra het, in ons midde te kon hê. Sy besielende rede:

„Ons is geroepe tot regering!" sal ons nooit vergeet nie. Hierdie slagspreuk omvat vandag die taak van A.S.B. Die groot voorregte wat aan ons gegee is as Afrikaners, lê op ons die verpligting om daarmee te woeker en dit te gebruik. Die kort verlede van slegs 'n halwe eeu in ons geskiedenis, maak dit vir ons as Afrikaners die moeite werd om die beginsels van A.S.B. voort te dra. Implikasie hiervan is dat ons volkome moet rekenskap gee van wat ons wil en waarna ons strewe. Maar hierin tref ons talle probleme en Mnr. Viljoen het hier veral op die kleurvraagstuk gewys. Dit is in hierdie vraagstuk waar ons die onverbiddelike werklikheid in die oë moet staar. Positief moet A.S.B. dit dan vanjaar aanvaar as taak om te bied wat hy kan bied vir 'n moontlike oplossing vir die kleurvraagstuk. Ons dink hier aan die woorde van Jan Cilliers:

„Wees sterk!
Daar's 'n nasie te lei
daar's 'n stryd te stry,
daar's werk!
Daar's nie na guns of eer te kyk,
daar's nie na links of regs te wyk,
daar's net te swyg en aan te stryk,
Komaan!"

V. E. D'ASSONVILLE,
(Sekr. A.S.B.)

## HET U DIT GEWEET?

**Indien u dit nie geweet het nie, nouja, ons eerstejaars het dit geweet volgens die „prosjure" vraestelle.**

Elke P.U.K. student moet hom onder die besluite van die S.R. hou anders word hy **bewerk.**

Is hy bv. 'n studenteraadslid is sy stem omtrent 50 maal meer werd as 'n eerstejaar sin.

Die S.R. oefen hul gesag ook hoofsaaklik uit met behulp van **Korps** op Calvinistiese grondslag.

In 1927 egter, word die Korps Veritas Vincet uit die „Fac et Spera" in die lewe geroep.

(Word vervolg).

**KOM SIEN ONS**
vir u
Fotografiese- en Aptekersbenodighede.

**GEEN EN VELLEMAN,**
**KING EDWARDSTRAAT, POTCHEFSTROOM.**

---


**MODERN FURNITURE MART**
**KERKSTRAAT 128,**
VIR AL U MEUBELS.
**„DE WALD RADIOS"** in voorraad sowel as Slaapkamer, Draagbare en Tafelradiogramme.
REDELIKE PRYSE.
Maklike terme kan gereël word.

---

ONDERSTEUN 'N OUD-P.U.KANER
**J. P. V.D. WALT.** L.F.V
Apteker
**Kerkstraat 111 (langs Ackermans)**
Foon 929,
**POTCHEFSTROOM.**
* * *
**Ek voorsien alles wat van 'n Apteek verlang word.**

---

Ons strewe is Diens aan die Publiek.
Service to the Public is the inspiration of our efforts!
Always first with the Latest Shoe Creation.
Altyd eerste met die nuutste skeppings in Skoene.
**Largest Distributors of High Grade Footwear in South Africa.**
**Grootste Distribueerders van Stewels en Skoene in Suid-Afrika.**
**W. M. CUTHBERT**
Posbus—296—P.O. Box
Foon—137—Phone
**POTCHEFSTROOM.**
Skoeisel-Spesialiteite
Footwear Specialists




# KORPS. VERITAS VINCET

Onder die moeilike omstandighede waarop hierdie vereniging se eerste programvergadering plaasgevind het, wat dit 'n baie groot voorreg om Prof. Berkouwer en Dr. Danhof as gaste te hê. Prof. Stoker het die twee here verwelkom en geskenke is aangebied namens Korps en die F.C.S.V.

Prof. Berkouwer het met 'n lesing opgetree, waaruit weereens sy oorspronklike insigte, die gemaklikheid waarmee hy sy grondige kennis in enkele grepe kan saamvat, en sy beeldryke illustrasies treffend gebly het. Die lesing het gehandel oor ateïsme.

**Ateïsme is in wese fel; rustige ateïsme is slegs 'n voorlopige verskynsel.** Die openbaringe van ateïsme kan in enkele hoofstrominge saamgevat word, die eerste waarvan die **rasionalisme** is. Dié rigting oorskat die waarde van die wetenskap en van die menslike rede; **die lig wat hulle ontvang vanuit die enkele venster van die rede, word as die volle lig beskou, en die bestaan van ander vensters word ontken.** Die **„sosiale motief van die ateïsme"** sien die wêreld van religieuse idees as 'n weerkaatsing van die ekonomiese en politieke toestande op die wêreld. Hierdie **„projeksie-idee"** is magtig in die vorige en huidige eeue. So vind ons Freud se opvatting dat die religie 'n illusie is, gebaseer op die wensdinkery se fantasie. 'n Ideale wêreld word voorgestel en dan as 'n werklike hemel voorgehou. Voorts Nietzsche se wilde verse teen die Christendom, omdat dit 'n bowêreld sou geproduseer het wat die mens klein maak teenoor God: „Ons immoraliste, glo nie in skuld nie!"

(Vervolg op bls. 5, kol. 1).

# A.S.B.

**Kort Verslag van eerste Programvergadering van die P.U.K. A.S.B.-Tak:**

**1949** is sommer puik en met alle geesdrif begin. Op 28 Maart het ons eerste programvergadering van die jaar plaasgevind en met groot entoesiasme kon die voorgenome take aangepak word.

By hierdie programvergadering is deur die leier 'n uiteensetting gegee van wat die P.U.K.-tak vanjaar gaan streef om te verrig. Daar is die groot landsdienskamp wat gedurende die Aprilvakansie aan die oewers van die Vaalrivier gehou was. Daar is die nuwe organisasie vir die R.D.B.

(Vervolg op bls. 5, kol. 1).

VRA VIR DIE

Beroemde

*"Bennie Osler"*

RUGBY STEWELS

**„GRAND CHALLENGE", "INTERNATIONAL" EN "JUNIOR"**

vanaf **32/6**

* * *

**DE BRUYN SE SKOENWINKELS**

**(EDMS.) BPK.**

**POTCHEFSTROOM.**

*Wanneer u*

OU VRIENDE(INNE) WIL ONTMOET,
LANG PRETTE WIL MAAK,
LEKKER WIL ONTSPAN,
EN TERSELFDERTYD LEKKER WIL EET,

*Kom na*

**CACHET VERVERSINGSKAMER**

Tee, Koffie, Koeldranke, Eetware, Sigarette, ens., alle tye van die dag verkrygbaar.

Eienaar: H. J. Kruger.

# SPORT

**Die Theos het alreeds twee wedstryde gespeel en gewys waartoe hulle in staat is. Globaal beskou, behoort hierdie span vanjaar nog deeglik rekenskap van hulle self gee. Ons beskik oor uitstaande talent. Vernaam ons agterlyn toon slaankrag soos nog maar selde vantevore en is tans ongetwyfeld die gevaarlikste agterlyn in Wes-Transvaal. Ons voorspelers is lig, maar beweeglik. Ons beskik oor uitstaande individuele spelers, maar aan die P.U.K.-rugby haper daar baie wat spanwerk betref.**

Soos die toestand tans is, moet ons agterlyn hul op verdediging in plaas van aanval toelê. In die vaste spel van die voorspelers is daar baie gebreke. Hulle sal moet leer om die bal uit die lynstane en skrums te bring. Daarvoor sal hul tydens die oefeninge moet skrym en nogeens skrum. Ook wat die lynstane betref, moet hul fyner afgerig word of anders is die kragpunt van die span, die agterlyn, lamgeslaan. Anders sal hulle, soos in die afgelope twee wedstryde, doodgeskrum word.

**Daar word gevoel dat die span, wat taktiek en tegniek betref, nog baie gebreke toon. Sal dit hulle nie ten goede kom as die afrigters tydens oefeninge meer daarop konsentreer om die span in hierdie opsigte te verbeter nie?**

**Sterk individuele spelers alleen help niks nie. Die kragtige spanwerk is deurslaggewend.**

Dit is nodig dat ons hierdie saak aanraak, want die neerlaag wat die „Navy" teen Dorp gely het, kan grotendeels daaraan toegeskryf word. Met oefeninge word feitlik geen aandag aan hulle gegee nie—hulle is slegs daar vir die eerstespan om teen te oefen.

Hoewel die Theos die vlag teen Blyvoor sowel as Potch. Dorp moes stryk, het hulle in albei wedstryde met eer uit die stryd gekom. Die besieling waarmee hulle gespeel het, is prysenswaardig.

Die Navy was ongelukkig gewees om teen Blyvoor gelykop te speel.

Gelukwense aan die Fires vir die oorwinning oor P.O.K.

Van die ander sportliggame het ons geen verslag ontvang nie.

(V.O.B.)

*„OORVERTEL DEUR SPRINGBOK" Nr. 2*

# Vang Haai van 2,176 pond met Lyn en Stok!



**Toe Bill Selkirk eindelik, ná 'n kwaai worsteling van vyf uur lank op die rotse by Hermanus, sy vangs aan wal gebring het, het hy die haai van alle haaie gebuit . . . en ook 'n wêreldrekord.**

**Hierdie 13 vt. 3 dm. lange mensvreter-reus uit die dieptes het 2,176 pond geweeg—en tog het Selkirk hom tot oorgawe gedwing met slegs 'n Kaapse rottangstok in een stuk.**

**Geen „hengelaarsverhale" nie, maar werklik aangeteken, staan hierdie vangste van reuse-haaie in Suid-Afrika . . . Blue Pointer—1,000 pond ; Tierhaai—920 pond ; Swarthaai—735 pond ; Swartvinhaai—274 pond ; en selfs die nederige Sandhaai het al 240 pond op die skaal aangewys !**




50 - 20 - 10
*Met of sonder Kurk*

# SPRINGBOK

*Die Sportman se Sigaret*

U/S 354.

**Victor D'Assonville** propageer mos die laaste tyd die standpunt dat mens nie moet spyker voor jy verloof is nie, en dus nie moet kys nie. Is die druiwe nie dalk suur nie, ou Vicie?

Juyn koop dasse wat by geen klere pas nie, sodat hy hulle by al sy pakke kan aantrek.

* * *

**Ludi:** Wat maak jy vanaand?
**Dawie:** Ek gaan my meisie afstof.

## GILFILLAN EN STROH

**POTCHEFSTROOM.**

FIETSE EN
FIETSREPARASIES

## LUCILLE
DIE ROK SPESIALIS

Altyd eerste met die
Jongste.

Foon 62.
**Kerkstraat 146,**
**POTCHEFSTROOM.**

## SELMA'S
## TEE-KAMER

**KING EDWARDSTRAAT 87.**

**Foon 933.**

**BESOEK SELMA'S TEEKAMER,**

**waar u in stilte en netheid**

VERVERSINGS, ETES ens.

KAN GENIET.


## *KOEISTALLE PRESTEER OP PAASSKOU*



Weereens het Koeistalle (ook genoem: „Uitspanplek") hul naam hoog gehou op die Randse Skou. Bostaande is die pryswensters. Timine Nauda wat eersteprys gekry het vir die langste stert; Koosina, wat die tweedeprys ontvang het vir die romerigste melk; Hoppia wat tot die semi-finaal deurgedring het vir die grootste bek en Pretorina, 'n opregte Ukovs-Fries wat weens haar opdringerigheid aan die beoordelaars, 'n troosprys ontvang het.

(V.O.B.)

(Vervolg van bls. 9, kol. 1).

**gemasker te hê,** het Joggie besluit om slegs sy bolip en ken skoon te skeer —wat nodig is vir onbelemmerde aandrywing—siende dat baard om die mond die jokkie (Joggie) mag belemmer om sy vul op die naam te roep in die hitte van die stryd!

Die uiteinde hiervan was egter mees verrassend! Hermyssel het aan die spring gegaan soos alleen 'n volbloed vul met 'n taai, duursame uithouvermoë, deur strenge afrigting gekweek, kan spring! Joggie is aand vir aand voor sy ander voet in die stiebeuel kon wees, neergehaal. Hy kon eenvoudig nie bo kom nie. Van die kant af het dit gelyk asof die saal drievoet bokant die geboë rug begin sit het . . . .

Toe skielik een môre het die skamele uitgroeisels van die Joggemskake deur die kanale van die Potchefstroomse skool gespoel . . . . **en die March Handicap is met vreedsame Hermyssel, met 'n Joggie vas in die rug, beslis.**

TOESKOUER.


## ANELLAS

**vir**

**ALLES EN NOG WAT.**

Smaaklike Visgeregte,

Koue en Warm Etes.

Koue en Warm Dranke.

VRIENDELIKE EN DEEGLIKE
DIENS WORD GEWAARBORG.

Pukke is altyd hartlik welkom by
UNIEWINKELS
as hulle in Johannesburg is.

**ONS VOORSIEN REEDS DIE VOETBALTRUIE EN KOUSE.**

**Binnekort maak ons 'n belangrike aankondiging i.v.m. die KLEURBAADJIES.**

## UNIEWINKELS BPK

**KERKSTRAAT 45.** **FOON 22-4746.**

Johannesburg.

# DIE „HANDICAP"

'n Groot dag was dit toe die lang swart koets met 'n paar diep asemstote op Cachetstasie tot rus kom. Wat 'n warme Februariemiddag!

**Aanskou nou daardie Joggie-postuur, voortskreiend asof hy 'n Hermyssel op 'n July Handicap vasknyp —maar dit was slegs die voorbereiding vir 'n reisies duisend. Eindelik moes die Joggie kom kyk of hy wel weer aan die beroemde Hermyssel toegesê sou word in die wedloop wat voorhande was.**

**Sy was 'n vul duisend—'n volbloedysselin** wat enige opregte wedder se hart vinniger laat klop. Nie alleen was sy opreg geteel nie, en so op die oog af al klaar bekwaam om sterk in aanraking te kom vir 'n plek in enige wedloop nie, maar sy was perfek afgerig: :onder bekwame, ja die beste leiding moes sy elke dag in semelgate spring, oor kaste heenrol, deur ringe duik—ja en selfs in 'n oomblik se tyd haar oor 'n esel of 'n brug raap. In die afrigting reeds het sy in die gedurige mededinging met Martiens Eelt die eerste besef tot welke deurslaggewende betekenis uithouvermoë kon wees.

Maar die Joggie vir Hermyssel was in 'n baie onseker posisie—**hoewel sy bene getoon het**, dat hy vas in die saal hoort te sit, is hy in die **New-Year Handicap op Marble Hall** bykans by die wenpaal, deur 'n skielike wegbuk en spring, netjies uit die saal gelig en stof laat snuiwe. Die beoordelaars het egter gevoel dat dit toe geskrywe moet word aan 'n **„familiekwaal."** Aangesien verskeie van die vullens wat **„familie"** was dieselfde gedoen het—daar was bv. **Cilly Lab**, wat al die **drie jaar furlong** sedert 1946 betree het, en **Maggie**, wat met 'n besonder onverwagte haal, haar eenarm jokkie afgehaal het.

Tog is bepaal, na enige vrugtelose probeerslae van ander jokkies op Hermyssel en Joggie op ander vullens—dat die **„March Handicap"** nie anders as met Joggie vir Hermyssel veilig beslis kan word nie. Vir **Cilly Lab** is egter 'n **Leermeester** gehaal, terwyl **Maggie** se jokkie sodanig herstel het dat hy weer met albei hande die teuels kon neem.

**Om hom egter ten tyde van die volgende „January Handicap" ietwat**

(Vervolg op bls. 8, kol. 2).

# 'N BEPROEFDE BOERERAAT

Hoe kan 'n Afrikaanse jongkêrel die liefde van sy nooientjie op die proef stel? Die antwoord hierop is eenvoudig. Hy moet net aan haar linkerelmboog voel, en indien dit koud is, kan hy versekerd wees van haar troue liefde.

Hoe dan so? Sou mens geneigd wees om te vra. Hierdie sonderlinge eienskap van die dogters van ons volk dateer uit die dae toe wêreld hierlangs nog woes en leeg was.

Volgens oorlewering het 'n jonggetroude paartjie hulle op die Transvaalse Hoëveld kom vestig, en die ywerige jong baanbreker het kort na hul aankoms begin met die oprigting van 'n hartbeeshuisie. Voordat dit heeltemal voltooi was, het hy egter siek geword, met die gevolg dat hy nie verder met die werk kon voortgaan nie.

Die koue winterswind het al om die hoek van die ou hartbeeshuisie geloei en gepla om om my by 'n gat in die halfvoltooide muur reg by die koppenent van die sieke se bed te beur. Die jong vroutjie het dit bemerk, en al raad waaraan sy kon dink, was om haar linkerelmboog in die gat te steek. Sodoende het sy in haar liefde vir die sieke 'n koue elmboog opgedoen wat vandag nog simbolies is van selfopofferende liefde by die jong Afrikanernooi.

Net nog iets: Pasop vir warm elmboë! Of . . . of wat praat ek nou weer alles?

P.C.K.

# AAN TOBIE, L.


Dit is spiere wat groei,
wat groei op sy rug en sy bors.
Simson kragtig gespier
en sterk soos 'n tier:
Dis hy . . . . dokter Spier!

Soos slange wat kronkel
en gly en verdwyn;
dan hier, dan daar, aag
sommer orals verskyn!

Soos sonstrale van goud
skielik kom en weer gaan,
is die spiere, deeglik gesout
teen die skroeiende lig van die maan.

DROGGEÏSSIMMA.

**Café Kruger:** Kom ons massa kêrels, ek wil gaan „case."

**DIE NUWE VELOCETTE 149 c.c.**

Twee-silinder, Waterkoeling, met aandryf-as

£147/10/0

**J. HEIDEMA**

**Kerkstraat 30,**
teenoor die Geref. Kerk,
**POTCHEFSTROOM.**

**W. A. VENTER**

**HORLOSIE-MAKER en JUWELIER**
**Kerkstraat 130,**
**POTCHEFSTROOM.**

Ons is direkte invoerders van enige soort horlosie en klokke, sowel as hulle onderdele wat ons altyd in groot voorrade het.

**Ook WAX, ROAMER en ELECTION HORLOSIES hier verkrybaar.**

VAN BLOMMESTEIN'S
**BOTTELSTOOR**

**NUWE GEBOUE**
(Regoor Standard Bank)
**King Edwardstraat,**
**POTCHEFSTROOM.**
Foon 72, Posbus 46,
Telegram.: "JEDEIKEN."

Onnodig om van die Kaap te bestel, 'n ondersoek sal u oortuig!

KRY DIE BESTE !

**W. J. SPAVINS EN SEUN**

VIR ALLE

Elektriese Benodighede, Draadlose, Koelkaste.

**KERKSTRAAT 65,**
**POTCHEFSTROOM.**

# M. B. BLOCH

**KERKSTRAAT.**

HUISRAAD, STOWE

en

STOOFPARTE

# C. VAN DER MERWE

**KERKSTRAAT 92,**

**POTCHEFSTROOM.**

* * * *

Fietse en Fietsonderdele

en Reparasies.

**DRIE BEROEMDE**

1/6 GENEESMIDDELS:

**Alma Hartdruppels,**

**Metafos: die groot senuweeversterker,**

**Maxo Poeiers vir Hoofpyn, Rumatiek en Griep.**

# S. M. LEWIS, BPK

**APTEKERS,**

**POTCHEFSTROOM.**

# P. GROBBELAAR

**FOON 331.**

**KING EDWARDSTRAAT 114,**

**POTCHEFSTROOM.**

PRAKTIESE SNYER

EN KLEREMAKER.

★

Distribueerder van

Rex Trueform Klerasie.


## UIT DIE KRONIEKBOEK VAN MALHERRIESTRAAT.

Die volgende is 'n uittreksel uit die Kroniekboek te vinde in die argiewe van Malherriestraat.

Afd. C art. 3 nos. 2, 5, 9 en 6 van sub-art. no. 19 van die gewetensklousule op drankmisbruik en hondelisensies, onder die opskrif **Veldslae:** Hierin vermelde te word dat in die jaar 1949 by hande van die berede manskappe van die afdeling voetsoldate van die staande mag van Malherriestraat (voortaan beskrywe as die Straat) 'n suksesvolle aanslag geloods is op die Korte se gebied. In hierdie veldslag is gebuit een wasgoedsak druiwe, twee suur appels, 'n stukkende toon en 'n paar uitasem ouens.

Met die nonchalante houding van 'n tipiese straatboef en die grasie van 'n bulldog-hond beweeg die manne by die voorhekkie uit, om die hoek en agter deur die donker paadjie tot by die ingang van die gevegsterrein. Hier is die kragte verdeel en die afgesante sluip deur die struikgewasse in die Korte se tuin en agterplaas tot langs die huis. Met koorsagtige haas word die Bachus-vruggies se stingels afgesny en die trossies veilig in die wagtende sak gebêre. Die terugtog word nou volgens plan georganiseer, en by die Straat aangekom word met barbaarse verfyndheid die koninklike vrugte verorber. Ou Postie moes maar met sy oop mond eet omdat die vorige koue nag sy hakskeensenings laat krimp het, terwyl Whitey net gesoebat het: Kêrels los tog net 'n paar trossies vir my meisie. Soois se sleep was nog in sy beginstadium destyds, maar tog wou hy, goeie leerling, ook 'n paar voos korrels vir sy meisie hê, of liewer nie sy meisie nie want die Pote het nog ontgroen.

Aangemoedig deur hierdie oorwinning wou die bogenoemde drie „missing links" (wat ongelukkig net partykeer „missing" is) weer 'n aanslag waag, maar ongelukkig het dit hulle aan strategiese insig en brein ontbreek sodat hulle al die wyk moes neem toe hulle nog maar by die appelboom was.—Dit was die oomblik wat die Withoofdige opkyk nadat hy die hek omgeskop het, dat hy 'n enorme mik bo hom gewaar, en met die spoed van Jorrie agter 'n bottel beweeg hy wilgerboomwaarts.

Hierdie beledigende neerlaag kon nie goedsmoeds gedoog word nie en 'n

(Vervolg op bls. 12, kol. 1).

## EIE AGTERGRONDE.

Soos die titel aandui, gaan dit hier om die wesenstrekke van my digterskap. In die klein ruimte tot my beskikking wil ek net één aspek aanraak, en dié is die diepgaande en blywende invloed wat en ondergaan het van **die vermaarde twintigste-eeuse drômer, digter, romantikus en verslaggewer, Lovitius Crugerius,** wat hom veral onderskei het op die gebied van minneliriek. Aan hierdie heilsame invloed, wat my steeds tot 'n rigsnoer en norm gewees het deur my loopbaan as digter heen, kan ek nooit genoeg reg laat geskied nie. Vandat ek met die grootste poësie van die genoemde meester kennis gemaak het, het hy my in vervoering gebring met **sy grootse motiewe, sy meeslepende ritme en welluidende taalmusiek, wat my van die staanspoor af gelei het tot die subliemste hoogtes van die digkuns, soos dié in 'n onafgebroke stroom uit die pen van Lovitius voortgevloei het.**

Om tot die kern van my betoog te kom, wil ek op sekere daadwerklike invloede van die groot Lovitius op my kunstenaarspersoonilkheid wys, en dit wel aan die hand van een van my bekendste gedigte: **"Nocturne"** uit die bundel **„Liefdesgeluk."**

Die verhewendheid van die titel en die minimale verband daarvan met die inhoud van die gedig, is al dadelik 'n treffende bewys van hierdie invloed, want soiets tref 'n mens deurgaans by my meester aan. Hier volg die hele gedig:

### *Nocturne*

Liefie, liefie, liefie mooi,
Word tog nou eens my nooi,
Of my hart splyt uitmekaar,
Soos 'n droë bloekomblaar.

En as die vissies deur die visdam gly
Word my hart so bly in my,
Want dit word 'n immanente
Teken van my liefdeslente.

Kom na my tuin waar die donker-rooi
rose
Duister geheime vertrou aan die nag,
Kom van Pretoria hier na my toe
O! Nonnie van my hart, ek smeek jou,
ag toe!

**Die ferme aanslag, naamlik daardie eentonige herhaling van niksseggende alledaagse woorde, soos blyk uit die heel eerste reël, is net so eie aan my**

**gedigte as dié van my groot voorganger.**

Die onreëlmatige, onbeholpe en stoterige ritme van die tweede reël is 'n swakheid wat ek nes Lovitius nog nooit oormeester het nie—net dit is by hom meer geaksentueer en kom meer dikwels voor as in my werk.

Die voorliefde vir die gebruik van vergesogte en vreemde woorde, by voorkeur Nederlandismes, waarvan die woord „Splyt" 'n goeie voorbeeld is, is 'n ander eienskap wat ons met mekaar gemeen het. Maar veral kom ons verwantskap uit in die gebruik van sulke treffende, visionêre en ondeurvoelde beeldspraak wat deurgaans lei tot retoriek, soos die beeld van die „bloekomblaar" in die vierde reël van die eerste strofe bewys.

Aan die begin van die tweede strofe is daar die aanwending van 'n bekende motief wat ek aan die poësie van Crugerius ontleen het, nl. die visdammotief. Dit is 'n motief wat oor en oor in sy werk voorkom en die sublieme aanwending daarvan, getuig van 'n diep sielelewe. Hierdie visdammotief wend hy so telkemale en kragtig aan dat dit groot simboliese betekenis kry.

**Net soos by Lovitius is rym in my werk 'n dwingende en deurslaggewende faktor.** Dit blyk uit die gebruik van rymklanke in die middel van die reël bv. die tweede reël van die tweede strofe nl. „bly," en verder ook die rymdwang van „immanente" met „lente." Net soos my meester gebruik ek soms (en soos in die geval van „immanente") sinlose woorde net terwille van die rym, want soos hy in sy verhandeling oor die digkuns, sy veelgeroemde ARS POETICA aanvoer, is rym vir hom die wese van poësie. In my latere werk maak ek veral gebruik van enjambement soos dié reël ook bewys. Ook my voorganger het 'n ontwikkeling in die rigting deurgegaan, maar dit het een van sy baie groot swakpunte gebly dat hy enjambemente altyd oneffektief en gedwonge gebruik het. Verder herinner ook sulke lomp en steurende samekoppelinge soos „liefdeslente" an die werk van Lovitius.

**Na aanleiding van die duidelike plagiaat wat in die eerste twee reëls van die derde strofe voorkom, kan ek net stel dat ek nog nooit daarin kon slaag of op so 'n fyn en subtiele manier plagiaat te pleeg as Lovitius** nie.....'n Verdere verskil tussen ons plagiaat . . . . is sy voorkeur vir Van Wyk Louw en myne vir A. G. Visser. Maar afgesien van alle individuele verskil, is die plagiaatverskynsel eie aan ons werk en verraai dit geestesverwantskap.

Ten slotte wys ek dat die roerende, innige en smekende toon van die laaste twee reëls nogeens die ingrypende invloed van Lovitius op my aandui— verder ook die gebruik van sekere eiename en plekname.

**Ongeag al sy tekortkominge bly Lovitius Crugerius die inspirasie van my werk en mag hy nog veel die lig laat sien deur die roeringe van sy siel in onvergeetlike verse te vertolk; en dit temidde van sovele hindernisse bv. kroniese onderdompelinge in die visdam, periodieke uittogte met sak en pak na die groot sale van Gathlandia, onverwagte ophysings van sy enigste mobiele eenheid nl. sy fiets, teen vlagpale, en die gedurige bedreiging dat die voorwerp van sy liefde hom verraderlik in die steek sal laat.**

LE NOIR CORBEAU,

NASKRIF:—Net soos Lovitius openbaar ek 'n minsame beskeidenheid, maar waar my groot meester soms verkies het om onder die naam van 'n bekende persoon sy liriese ontboeseminge te laat verskyn, verkies ek 'n vertaalbare, en gevolglik baie voor die hand liggende skuilnaam.

---

Baie mense sou vandag nog gelewe het as hulle nie teveel gespaar het om af te tree nie.—**Kin Hubbard.**

* * *

Slaap is die beste geneesmiddel vir maaksame moeilikhede.—**Cervantes.**


# W. J. GROBBELAAR

## DAMES EN HERE HAARKAPPER.

*MARCEL EN WATERGOLWING.*
*PERMANENTE HAARGOLWING.*

*Helen Curtis Machineless Oil Perm,*
*Jamal Machineless Cream Perm.*

BEKWAME BEHANDELING GEWAARBORG.

**Tabak-handelaar en Fantasiegoedere.**

**Tel. 330. KERKSTRAAT 92, POTCHEFSTROOM.**



*LEES*———

**Die Westelike Stem**

**Enigste Afrikaanse Weekblad wat gepubliseer word vir Wes-Transvaal.**

———:o:———

SPORTSBERIGTE, ALGEMENE NUUS.

## PAS VERSKYN

Berty Smiles—Vorster (Uitspan).

Kalie die Kuiken—Malie de Klerk.

Op die voorpunt van die Tye—Louis Kruger.

Sondagnuus en Dagbreek—V. E. D'Assonville.

Wat 'n Dame van 21 behoort te weet! —Lets van Rensburg.

Simba—W. P. Uys.

Hedendaagse politieke strominge—Willem de Klerk.

Droogte—Ludie Schulze.

Avonture van oom Kaspaas—Kaspaas.

'n Gelukkige Swerwer—Meester Botha

Wild West—Fires.

Geknakte Riete—Benoon Duvenhagé.

Wiele (bene) wat rol in die nag—Faan Coetzer en Joggom.

Die Eselskakebeen—Tienie Venter.

Esels wat skreeu in die Nag—Donkie Pienaar.

Die skarlaken Eskadril—Rooi Kalf.

Bewaar de pand uw toebetrouwd—Bul Engelbrecht.

Naggesigte van Sagaria (.303)—Joggom Hattingh.

Ek ellendige mens—Bertus v.d. Walt.

Gooi my vir die Aasvoëls—Jan Booyens.

POMPIE.

(Vervolg van bls. 10, kol. 1).

wreekwraak-plan word opgestel. („'n Klip teen sink raas darem erg," het die aap mos gesê toe daar 'n sandkorrel op 'n stukkie blink sigaretpapier val). Die volgende môre het die vyand 'n gesant gestuur om te protesteer teen die Straat se metodes. Die Witkop was nog nie mooi besig met wakkerword nie toe hy al die afvaardiging moes te woord staan, maar terwyl hy nog probeer om sy dinkorgaan op te staart (dit gaan altyd maar moeilik) verskyn daar op 'n stoep in die gesigseinder 'n magtige gestalte... „Breed en bonkig van stuk, dis S.Y." Wie neem die Straat kwalik dat hy die aftog geblaas het?

Die hoofstuk oor veldslae in Malherriestraat se Kroniekboek gaan nog verder, maar ons laat daaroor 'n ystergordyn sak. (Hierdie uitdrukking kom van ou Postie, hy het dit glo in die M.S.V. geleer).

POTCHEFSTSROOM
DRY CLEANING WORKS
FOON 789. POTGIETERSTRAAT 18.

PROBEER ONS
VLEKLOSE DROOGSKOONMAAK EN SPOEDIGE AFLEWERINGS.

*Eienaar:*
P. D. DE WET POTGIETER
POTGIETERSTRAAT, POTCHEFSTROOM.

## TERLOOPS.

Die komponiste aan P.U.K. was weer bedrywig in hierdie jaar. Daar het o.a. al verskyn die „Butter Bull Boogiewoogie," gekomponeer deur 'n persoon onder die skuilnaam „Kuifie van Gathland," asook 'n vioolsolo met die naam „Jambooy's and Broad's Pull Fast Step," uit die pen van Vleuel se beroemde musikant, mnr. Booy Beethoven Bach.

INGRAM SE BOTTELSTOOR

INGEVOERDE
en
KOLONIALE
WYNSOORTE
en
SPIRITUALIEË.

Probeer ons eerste vir u
*WINTERBENODIGHEDE*
GROOT VOORRAAD OP HANDE EN PRYSE WAT ELKEEN KAN BEKOM.
:o:
BOTHA GOOSEN
Foon 430 POTCHEFSTROOM Posbus 81

Gedruk deur Die Westelike Stem, Potchefstroom en uitgegee deur die P.U.K.-studente Verteenwoordigende Raad.